

Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens 2017-04-13
Jesaja 11:1-16
V. 1, 15&16

Kyk terug, dit is net God wat verlos

Inleiding

God maak dit duidelik dat Hy nie louters gelowiges duld nie. In Openb. 3 leer ons dat God die gemeente van Laodicea sal uitspoeg omdat hulle louters is.

Wanneer ons kyk na die geskiedenis van die volk van die Here ondersoek, sien ons deurlopend hoe hulle louters optree. Hulle probeer om deur hulle dade te wys dat hulle kinders van God is, maar aan die ander kant tree hulle direk op teen die wil van God.

Deur die verloop van Jesaja sien ons hoe die volk optree. Jesaja spreek die volk aan oor hulle optrede.

Die volk verbreek die verbond deur direk teen Sy wil op te tree. Die volk rebelleer teen God deur afgode te dien. Hulle vergryp hulle aan die afgode van die ander volke rondom hulle.

Hulle draai 'n blinde oog toe na die medegelowiges. Hulle sorg nie vir die weeskinders en die weduwees nie. Hulle hou vas aan hulle eie rykdom terwyl ander kripeer van ellende.

En dan vertrou hulle op rituele om die sonde weg te steek.

Hierdie rituele is nie op die oog af verkeerd nie. Dit is egter die harte van die volk waar die probleem lê. Hulle bring offers maar daar is geen berou nie.

Daarom tree Jesaja op en verkondig straf en oordeel. God gaan die volk wegvoer in ballingskap en hulle oorgee aan die hand van hulle vyande. Tog is daar troos.

Kyk terug – Dit is net God wat verlos.

Jesaja herinner die volk dat God getrou bly aan Sy beloftes en dat God die enigste Een is wat verlos.

Die nagmaal is dus vir ons ook 'n herinnering dat dit God is wat verlos.

- God bly getrou aan Sy belofte

Deur die verloop van die Ou Testament word daar deurlopend gemaak van God se kant af. Hy sluit die verbond met Abraham en beloof 'n groot nageslag en die beloofde land. Hy maak die belofte aan Dawid dat daar altyd een uit Sy nageslag op die troon sal sit.

In hierdie tyd waarin Israel leef net voor die ballingskap lyk dit of God al Sy beloftes verwerp en van Sy volk vergeet. Hulle land word weggeneem en daar is nie iemand om op die troon te sit nie, want daar is nie eers 'n troon nie.

Aan die einde van hoofstuk 10 gebruik God self die beeld van 'n woud waarvan die laaste boom afgekap sal word. Hier word die oordeel oor al die nasies aangekondig. God sal oordeel en Hy sal straf omdat die wat teen God sondig die straf verdien. Tog is daar selfs in die donkerste tye tekens van hoop omdat God nooit Sy beloftes vergeet nie. *“'n Takkie sal uitspruit uit die loot van Isai.”*

Hierdie woud wat vernietig is, waarvan die laaste boom afgekap, sal 'n takkie uitloop. Hierdie takkie wys op die troos van die Here dat daar uit die dood, troos sal kom – troos wat lewe gee.

Hierdie takkie dien as teken dat God werklik nie vergeet het van Sy beloftes nie. Hy is steeds getrou aan Sy beloftes wat Hy gemaak het. Die takkie sal uitspruit uit die nageslag van Isai. Isai was die vader van Dawid – koning Dawid. Tog word daar met 'n bepaalde doel verwys na Isai en nie na Dawid nie.

Jesaja spreek die volk se hoogmoed aan. Hulle skyngodsdiens is iets wat die Here nie aanstaan nie. God eis diensbaarheid in nederigheid.

Dawid was die koning, die man na God se hart, die een wat die grond van Israel laat uitbrei het. Sy nageslag het die paleis en die tempel gebou.

Isai dui egter daarop dat Israel niks gehad het nie. Isai dien as herinnering vir die volk dat hulle in nederigheid moet optree. God het vir Dawid uit nêrens uitgeroep om as koning op te tree. Dit was dus nie sy eie aansien, of sy familie se naam of rykdom wat gemaak het dat Dawid koning sal wees nie.

Vir Israel het hulle eie naam belangriker geword as die Here wat hulle gebring het tot waar hulle is. En daarom word die volk uitmekaar gejaag. Nogtans bring God herstel. Die takkie loop uit die dooie stomp uit. Hierin beloof God dat Hy weer 'n nederige dienskneg sal stuur om in Sy diens te staan. Dit gaan egter nie 'n mens wees nie, dit gaan nie een wees wat eie gewin bo die eise van God gaan stel nie. Nee, dit gaan Een wees uit die nageslag van Isia, Een wat genoem sal word die Seun van Dawid.

Hy sal die vervulling wees van God se belofte – Een wat altyd op die troon sal sit en Een wat verlos. Deur Hom sal elkeen weer opgeroep word om te besef dat God die enigste Een is wat verlos.

- God is die enigste Een wat verlos

God het bepaalde eise aan Sy volk gestel. In Gen. 17 lees ons dat God vir Abraham beveel dat alle mans van die volk besny moet word. Dit was 'n wyse waarop die volk afgesonder was vir God. Dit was egter nie die wyse vir verlossing nie.

God het vereis dat die volk offers moes bring. Op so 'n wyse was die volk gereinig, versoening is gedoen asook boetedoening. Weereens was dit egter nie die wyse vir verlossing nie.

Dit is net God wat verlos.

Ons het vroeër gehoor dat die volk afgode gedien het. Die beeld van die bos in Jes. 10 dui ook op die hout waarvan die afgode gemaak is. Houtpale en houtbeelde is aanbid.

Al hierdie afgode, en die wat hulle aanhang sal vernietig word.

Die een takkie, wat uit die een spesifieke boom uitkom, dui wel op die wyse waarop God sal verlos. Daar is net Een wat kan verlos. Daar is net Een wat die sondes kan wegneem van die volk. Geen ritueel of afgod kan die sondes van die mens wegneem nie.

Dit is net God wat kan verlos. God sal elkeen vernietig wat teen Hom in opstand kom.

In vers 15 lees ons dat God die Nyldelta sal vernietig. Die 1933 vertaling sê:
“En die Here sal die seetong van Egipte met die banvloek tref.”

Die Nyl het gedien as die lewens aar vir die Egiptenare. Die Nyl rivier het bepaal of daar geploeg en geplant kon word. Dit was die grootste water bron gewees. Die Egiptenare was afhanklik van hierdie rivier vir hulle bestaan.

Tog het hulle begin om hierdie rivier, of altans die god van die rivier te aanbid. Die invloed het deurgesyfer na die volk Israel toe en hulle het in die slaggetrap en ook di afgode begin dien.

Tog maak God dit duidelik dat Hy ook die afgode sal vernietig want daar is net redding by Hom.

Net God red – nie rituele, of afgode of skyngodsdiens nie.

Tog maak God dit ook duidelik hoe Hy sal verlos vanuit die geskiedenis. Die magtige Nylrivier sal vernietig word dat dit maar bloot ‘n kanaal is waardeur die volk kan stap sonder om hulle skoene uit te trek.

Die herinnering word opgeroep van die verlossing vanuit Egipte. Eks. 14:20 vertel hoe die volk deur die rooisee getrek het.

Ook het God in Jos. 3:16-17 die Jordaan laat stilstaan sodat die volk daardeur kon bewees met die ark van die verbond.

So het God telkens uitkoms gegee. God het verlos – niks en niemand anders nie. God roep die volk om terug te kyk na Egipte en die verlossing.

- Die nagmaal getuig van God se verlossing

Geliefdes net so roep die Gees ons ook vanaand om terug te kyk na die verlossing aan die kruis. Die nagmaal is nie vir ons ‘n wyse om verlos te word nie. Die nagmaal is nie vir ons ‘n ritueel om heilig te word nie.

Nee, die nagmaal is ‘n erkenning van ons eie verlorenheid.

Die nagmaal is ‘n teken dat Christus se liggaam gebreek is, en Sy bloed gegiet is tot ‘n volkome versoening van al ons sondes.

Tog kyk ons nie net terug nie – ons kyk vorentoe met afwagting op die koms van Christus wanneer die vyand vernietig sal word, wanneer die volk van God vergader sal word. Wanneer ons deur die Nyl kan stap sonder om die waters te vrees.

Slot

Ons sit nie vanaand saam as gelowiges om ons verlossing in die nagmaal te kry nie, maar om terug te kyk na die verlossingswerk van Jesus Christus deur Sy kruisdood en opstanding en ook vorentoe met die oog op die wederkoms om nooit weer deur die vyand gekonfronteer te word nie.

Die nagmaal roep ons dus op tot selfondersoek – *ons moet nadink oor ons sonde en vervloeking en ons met diepe berou voor God verootmoedig.*